

# Watter tipe boek is jy?



Het jy nog altyd gedink dat jy nie juis veel van ‘n boekwurm is nie? Of het jy dalk nog nooit ‘n boek gelees waarvan jy gehou het nie? Miskien as jy uitvind watter tipe boek by jou persoonlikheid pas, sal jy dalk agterkom dat dit tog nie so *bad* is om te lees nie...

Kliek hier om uit te vind watter tipe boek die beste by jou persoonlikheid pas...

Maak na elke vraag 'n aantekening van die prentjie langs die antwoord wat op jou van toepassing is.



Begin

# Hoe sal jy jouself beskryf?

- ☆ Ek is bietjie van ‘n *nerd*, maar dis okei.
- ☺ ‘n Grapmaker.
- Avontuurlustig.
- ♥ Romanties.
- ☠ Ek is nuuskierig en bietjie van ‘n waaghals.

Volgende

# As jy enige plek kan woon, waar sal dit wees?


- ☺ In die stad.
- ☆ In een of ander sprokiesparadys.
- ♥ In 'n romantiese plek soos Parys of Italië.
- 💣 Enige plek, dit maak nie eintlik saak nie.
- ☠ Op 'n verlate plek, dalk 'n eiland.

Volgende













# Wat sou jy sê is die perfekte uitrusting?

- ☆ Ek is mal oor Halloween...Ek geniet dit om daardie Middeleeuse klere aan te trek sonder dat ek soos 'n *freak* lyk.
- ☺ Ek hou nie van goed wat bymekaar pas nie. Bont is meer my styl.
- 💣 *Jeans* en 'n T-hemp. Gemaklik en klassiek.
- ♥ Ek hou daarvan om *op te dress*. 'n Pragtige rok / 'n netjiese pak...mmm...stylvol.
- ☠ Die deurmekaar *look* pas my – dit lyk nie asof ek regtig omgee oor my voorkoms nie, maar is nogsteeds hoog in die mode. Mense dink soms ek is 'n *goth*.

Volgende

# Waar sien jy jouself in die toekoms?

- ♥ Ek wil verlief en getroud wees.  Dit is vir my die belangrikste, wat verder gebeur maak nie saak nie.
- Ek wil eers die wêreld gaan sien voordat ek gaan studeer en besluit wat ek eendag wil doen.
- Mmm, ek sal heel waarskynlik doodgaan op 'n vroeë ouderdom.
- ☺ Ek wil my eie televisie program hê.  Dalk word ek 'n akteur/aktrise of 'n komediant.
- ☆ 'n Draak gaan my natuurlik kom ontvoer en wegneem na 'n wêreld ver hiervandaan.  Of dalk sal ek net 'n suksesvolle skrywer word.

Volgende

# Watter eienskap(pe) beskryf jou die beste ?

- Diere is vir my baie belangrik en ek geniet die buitelewe.
- Ek hou daarvan om probleme op te los.
- Ek geniet geselsprogramme op TV en radio.
- Ek kommunikeer deur baie lyftaal te gebruik.
- Ek kan maklik idees in my kop vorm en ek teken, bou en ontwerp graag.

Volgende

# Waaroor gesels jy en jou vriende gewoonlik?

- ☠ Bangmaakstories.
- 💣 Ons gunsteling aksiefilms.
- ♥ Ons persoonlike lewens en so aan.
- ☺ Meeste van die tyd *joke* ons maar net rond.
- ☆ Drome en dagdrome – hulle is baie fassinerend!

Volgende







# Jou gunsteling plek om heen te gaan is:

- Om in die natuur te wees laat my adrenalien pomp.
- ‘n Deftige restaurant is die ideale plek vir ‘n droom*date*.
- Enige plek waar ek interessante mense kan ontmoet.
- Afgeleë plekke het ‘n tipe van misterie aan hulle.
- Enige uithangplek waar daar *karaoke* is.

Volgende

# My ideale Saterdagmiddag:

- ♥ ‘n Romantiese piekniek saam met my kêrel/meisie.
- ☠ Ek is meer van ‘n nagmens...ek slaap in die dag.
- ☺ Ek hou van pretparke.
- See en son!
- ☆ Ek gaan fliek graag.

Volgende

# Jou vriende beskou jou as:

- ☺ Snaaks.
- Sportief.
- ☠ Ernstig.
- ♥ 'n Dromer.
- ☆ Kreatief, 'n denker.


# Hoe het jy gevaar?

## Is jou antwoorde meestal...

(Kliek op die een wat op jou van toepassing is)

☆ ☠ ♥ 💣 ☺

*Jy dagdroom gereeld en die bo-natuurlike fassineer jou. Jy sal hou van fantasieverhale soos:*




**Harry Potter en die towenaar se steen**
J.K. Rowling - Vertaal deur Janie Oosthuysen

Harry Potter, die grootste boekfenomeen van ons tyd, is nou in Afrikaans beskikbaar. Harry Potter dink hy is net 'n gewone seun wat woon by sy aaklige oom en tante, die Dursleys, en hulle gruwelike seun Dudley. Tót die dag dat 'n posuil 'n geheimsinnige brief by die Dursleys aflewer; 'n brief wat Harry nooi na 'n ongelooflike plek wat hy (en almal wat oor hom lees!) nooit sal vergeet nie.

Kliek hier om die ander boeke in die Harry Potter-reeks te sien!

Kliek hier vir 'n lusmaker leesbrokkie!

Kliek hier vir ietsie oor die vertaler…

Nog 'n fantasieverhaal →




## Vincent van Gogga

Philip de Vos; illustrasies Cora Coetzee

Die verhaal van Vincent van Gogga begin in 'n pretpark, op 'n lee erf in 'n groot stad. Langs die spooktrein en langs die stalletjie met sy Donald Duck-eende met koppe wat op en af wip, staan 'n donkerblou woonwa, vol sonne en mane en sterre geverf. En op die sykant van die woonwa pryk in groot geel letters - Madame Zelda. Egiptiese sigeuner vir liefde, geld en geluk. Nou wat op aarde het madame Zelda en haar woonwa vol sonne en mane en sterre uit te waai met Vincent van Gogga? Wie de joos ís Vincent van Gogga?

Kliek hier vir ietsie oor die skrywer...

← Terug

**JY IS NUUSKIERIG EN HOU VAN MISTERIEUSE DINGE…JY SAL HOU VAN GRILLERIGE RILLERS EN SPANNINGSVERHALE MET 'N BONATUURLIKE ELEMENT SOOS…**




**Rilllers-omnibus**
François Bloemhof

Al agt Rillers-boeke van die gewilde en bekroonde skrywer, François Bloemhof, word in hierdie omnibus saamgevat: Die vrou met die pers oog, Donderwoud, Die Waterding, Kry Vir Jou, Ou Langklou, Kamer 13, Die Speletjie, Hospitaaltyd en Vampiere in Londen. Lekker grillerige stories met slim, onverwagte eindes.

Kliek hier vir ietsie oor die skrywer…



Nog spanningsverhale →




Lusmaker leesbrokkie

Iets oor die skrywer…

Ander boeke in die reeks

## Monsterduiwe

Lien Roux-de Jager

In hierdie eerste aflewering van 'n reeks van drie boeke, maak ons kennis met Len, 'n sestienjarige ruimtevaarder wat alleen agterbly op die ruimtestasie waar jy gebore is nadat ,n geheimsinnige siekte die res van die geselskap uitgewis het. Daar bly vir Len geen ander keuse oor as om na die Aarde terug te keer nie. Tot sy teleurstelling is die Aarde verlate en is daar geen teken van lewe nie. Of so dink Len..

Wat volg, is 'n "op-die-punt-van-jou-stoel" avontuur waarin Len en die enkele oorlewendes op Aarde 'n oorlewingstryd moet voer teen monsteragtige, vleis-etende kransduiwe en 'n gevaarlike motorfietsbende wat in een van die stede skuil.

Wetenskapfiksie vir tieners in Afrikaans is so skaars soos hoendertande. Wat hierdie verhaal egter nog meer uniek maak, is dat die outeur 'n kombinasie van gruwelelemente en wetenskapfiksie aanwend en op hierdie wyse aanhangers van beide genres tevrede stel. Verskillende wêrelde word meesterlik uitgebeeld en met net 'n halwe verbeelding sal jy jou kan inleef in die lewensgevaarlike situasies waarin Len kort-kort beland. Die verhale bevat die regte hoeveelheid spanning en angs om jou van begin tot einde te boei en die karakters se kommentaar is skerp en sorg vir genoeg snaakse oomblikke.

Of jy nou glo in ruimtemannetjies of nie, hierdie reeks is lekker-lees en ontspannend. Moet net nie begin lees voor jy gaan slaap nie, want jy sal nie kan ophou nie.

← Terug

Jy dagdroom gereeld oor jou ideale lewensmaat. Jy is 'n egte romantikus... Jy sal hou van liefdesverhale soos:

**Ouens is nie pizzas nie**
Tania Brink




Anja en Zanelle werk vir die Desembervakansie in Dolfynbaai se enigste pizzarestaurant. Soos altyd, is Zanelle vol slim idees oor ouens. Sy kry meeste van dié idees uit tydskrifartikels, soos die een wat meen ouens is soos pizzas. Anja dink dis sommer strooi - tot hulle die twee aantreklike broers Markus en Abrie ontmoet. Die een is 'n blonde branderplankryer en die ander 'n donkerkop-diepseun - en Zanelle se tergery dat altwee op Anja verlief is, staan haar glad nie aan nie. Net toe sy tog begin dink die twee broers is dalk nie te onaardig nie, gebeur daar iets wat die twee ouens diep in die deeg laat vassit. Anja en Zanelle is op die oorlogspad en dit lyk of die twee ouens met meer as net brandbekke vir hulle skuld gaan moet betaal.


**Ouens is nie pizzas nie** is 'n storie wat jou dalk gaan laat lus word vir Hawaiian, Margarita, of Meksikaanse pizza met ekstra chilli-sous! Dis 'n boek geskryf in alledaagse jongmenstaal oor dinge waarmee elke meisie en ou kan identifiseer - soos pizza en romanse.

Iets oor die skrywer…

Lusmaker leesbrokkie

Nog 'n liefdesverhaal →

**Liefde laat jou Rice Krispies anders proe**
Tania Brink




**Liefde laat jou Rice Krispies** *anders proe* deur die jong Bloemfonteinse skrywer, Tania Brink, is 'n tipiese, skoolliefdesverhaal… met 'n verskil. Marzanne Odendal is 'n uitgesproke tiener: sy dink Shakespeare is pateties, die skoolheld, Armand is verwaand, om verlief te raak is malligheid en tydmors en die enigste werk waaroor 'n mens kan opgewonde raak is die joernalistiek. Haar vriendin, Nadia, glo presies die teenoorgestelde en wag in spanning dat die spreekwoordelike ridder haar na die Mei-dans sal vra. Die dans-atmosfeer is een van uiterste frustrasie vir Marzanne, veral toe anonieme liefdesgedigte per e-pos vir haar gestuur word. Sy vermoed natuurlik dadelik die stillerige Wikus, maar dan blyk dit 'n geweldige misverstand te wees.

**Kliek hier om iets oor die skrywer te lees…**

**Kliek hier vir ‘n lusmaker leesbrokkie**

← Terug

# Jy is 'n avontuurlistige adrenalien*junkie*! Jy sal hou van avontuurverhale soos:




Iets oor die skrywer

**trips**
Manie de Waal

**Ek het nie verwag in Londen gaan dit so erg wees nie. Vergeet tand-, oor-, of maagpyn. Gaan vir hartpyn. Beste is, jy kan dit net vir jouself hou. Tref elke keer die kol. Da namba one.**
Van Bali na Londen. Van nagte op 'n strand onder vreemde sterre na Londen se grou, vuil lug. Van die vryheid van surf trips na die vier mure van 'n bank. Vir Chris Retief raak dit – in meer as een opsig – 'n kwessie van oorlewing. Want in die klein ure van die nag is daar die drome waarvan hy nie kan wegkom nie: die donker geheim van Padang.
*trips* is 'n reisverhaal, maar ook 'n liefdesverhaal. Liefde vir die see, liefde vir die land, liefde vir die taal, en liefde vir een vrou, miskien twee...

Nog 'n avontuurverhaal →




**BreinBliksem**
Fanie Viljoen

Die avonture van die 18-jarige Chris Burns en sy trawante - onderweg na 'n reuse-rockfees by die Allemanskraaldam - is nie vir sissies en swakkes van gees nie. Wees dus gewaarsku. Net soos Fanie sy lesers in die vooraf-*warning* vermaan:


**As jy nou nog met die boek in jou hande sit, wil jy seker verder lees. My bru, dan is jy in vir 'n ride, maar wees gewaarsku: Hierdie boek gaan jou brein bliksem en jou dalk meer fucked-up los as wat jy reeds is.**
**press play to begin**

Lusmaker leesbrokkie

Iets oor die skrywer

← terug

Nog 'n avontuurverhaal →




**Agent Snoet en die kattekwaad**

François Bloemhof en Alistair Ackerman


Agent snoet, geheime agent van formaat en sy briljante Siamese kat, Felino, is warm op die spoor van die meesterbrein agter 'n geheimsinnige katte-rebellie in hierdie aksiebelaaide strokiesavontuur. Agent Snoet en die kattekwaad is die tweede aflewering in François Bloemhof se gewilde Agent Snoet-strokiesreeks.

Nog 'n boek in die reeks

Iets oor die skrywer

← terug

# Jy het waardering vir die minder ernstige dinge in die lewe. Jy is altyd in 'n goeie bui. Jy sal hou van 'n humoristiese verhaal of bundel soos:




**Wurms met tamatiesous**
Jaco Jacobs

Het jy al ooit gewonder wat op die spyskaart is by die Rilrestaurant? Is jou boetie dalk 'n alien? Wat is die beste raad vir 'n wegloopneus? Waarom is skottelgoed gevaarlik? Almal weet van Mary se beroemde lammetjie – maar het jy al haar ander troeteldier ontmoet? Hierdie vrolik-geïllustreerde bundel bevat meer as vyftig prettige, oorspronklike, grillerige en skreeusnaakse rympies uit die pen van Jaco Jacobs.


**Kliek hier vir 'n lusmaker leesbrokkie!**

**Kliek hier vir iets oor die skrywer**


Harry Potter
J. K. ROWLING


Harry Potter
Gevangene
AZKABAN
J. K. ROWLING


Harry Potter
J. K. ROWLING



← Terug


Harry Potter
J. K. ROWLING


Harry Potter
J.K. ROWLING

**Miskien het dit iets te doen** met die feit dat hy in 'n donker kas moet slaap, maar Harry was nog altyd klein en maer vir sy ouderdom. Hy lyk nog kleiner en maerder as wat hy regtig is, want hy moet Dudley se ou klere dra en Dudley is omtrent vier keer so groot as hy. Harry het 'n skraal gesiggie, knopknieë, swart hare en heldergroen oë. Hy dra 'n ronde brilletjie wat met Sellotape aanmekaar geplak is, van al die kere dat Dudley hom al op die neus geslaan het. Al waarvan Harry van homself hou, is die litteken op sy voorkop. Dis in die vorm van 'n weerligstraal. Die merk is al daar vir so lank as wat hy kan onthou en die eerste vraag wat hy vir tant Petuna gevra het, was hoe hy daaraan gekom het.
"Van die motorongeluk toe jou ouers dood is," het sy gesê. "En moenie vrae vra nie."

← Terug

# Janie Oosthuysen

**Janie Oosthuysen skryf humoristiese aksieverhale, liefdes- en spanningsverhale. Sy is ook 'n vertaler - Harry Potter in Afrikaans is haar werk.**

Van haar eie publikasies sluit in:

- Die verlore eiland;
- Daar is vlooie in my bed;
- Die towerpotlood
- Drome op Duinebaaie

← Terug

# Philip de Vos



Philip de Vos  is in Bloemfontein gebore, maar woon reeds sedert 1967 in Kaapstad waar hy in 'n pre-adolessente stadium vasgevang sit. As kind wou hy 'n clown in 'n sirkus word of andersins 'n matroos, maar in plaas daarvan beland hy toe vir 15 jaar in die onderwys. Hy sing ook al sedert 1962 operarolle: altyd mannetjies met boggels of dié wat hakkel, want hy was nog nooit so mooi soos Steve Hofmeyr nie.

Hy is lief vir foto's neem en het alreeds agt eenmanuitstalling van sy foto's gehad. Hy het ophou vleis eet nadat hy die rolprent Babe die pratende varkie gesien het, en het ophou vis eet nadat hy Finding Nemo gesien het. Sy geliefde swart Staffie se naam is Winnie en hy skryf ook so nou en dan 'n versie of andersins 'n boek wat ietwat dikker is. In 2004 is Mallemeuleman met 319½ van sy versies gepubliseer.Hy het 'n baie kort konsentrasievermoë en het nog nooit Triomf gelees nie.

In 1998 is sy eerste CD *Brommer in die Sop (en ander lieflike en loflike liedjies)* uitgereik waarin hy self die Albie Louw-toonsettings van sy versies sing.

← Terug

# François Bloemhof



François Bloemhof skryf boeke vir volwassenes, tieners en jong lesers. Sy werk is in al drie kategorieë meermalig bekroon.
Dit het alles in graad nege begin, toe sy Engels-onderwyseres hom 97% gegee het vir 'n kortverhaal. Toe kom die groot vasbyt, want hy het jare lank (grusame) Engelse kortverhale vir tydskrifte gestuur en hulle kon dit nie gou genoeg terugstuur nie ... tot hy vir die grap 'n lighartige Afrikaanse verhaal vir Huisgenoot geskryf het en sy vriende se name daarin gebruik het. Dit is aanvaar en sedertdien het hy al "so iewers oor die tweehonderd" tydskrifverhale gelewer.
Hy beskou sy boeke egter as sy "eintlike produkte". Hy het weggetrek met 'n Sanlam/De Kat-prys vir Die nag het net een oog en sy eerste vier boeke is ten spyte van groot verskille as "rillers" beskou. Met die fantasieroman Storieboek was dit egter duidelik dat hy hom nie so maklik wou laat klassifiseer nie. En hoe later hoe kwater.
Hy het ook vir tieners begin skryf en geniet baie sukses op hierdie terrein, ondanks omstredenheid omdat hy kwessies aanraak wat ver van dié in die ou Trompie-boeke verwyder is.
Verder gaan 'n veelbekroonde Rillers-reeks by Human & Rousseau vir jong lesers van krag tot krag.
François se raad vir beginnerskrywers is: "Skryf net die ding en klaar."

← Terug

'n Gesuis laat hom opkyk. Dit fladder en fluit in die lug bokant geboue. Voëls! Die son blink op die grys vlerke toe die swerm 'n wye draai oor die fabrieke maak. Dis mooi! Len wil nie die voëls skrikmaak nie, maar steek onwillekeurig sy hand na hulle uit. Dis asof die swerm 'n oomblik huiwer, dan duik hulle op hom af. Hul gesamentlike gewig is genoeg om hom teen die grond te slinger. Hulle krap en pik na sy kop. Hy probeer met sy hande keer, maar skree van die pyn toe hulle sy hande toetakel. Met 'n gesukkel kom hy orent, klap wild na die sagte, warm lywe om hom, ruik die stowwerige, vetterige voëlreuk. So skielik as wat hulle gekom het, is hulle weg. Len soek benoud in die lug rond. Hoog bokant die geboue maak die swerm 'n draai. Te laat besef hy hulle is op pad terug. Hy hardloop soos nog nooit tevore in sy lewe nie...


← Terug


# Lien Roux-de Jager

Lien Roux-de Jager is gebore in Pretoria in 1940, het gematrikuleer aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria in 1957 en is nou getroud met dr Johann de Jager. Sy het twee dogters, twee skoonseuns en vier kleindogters. Haar stokperdjie is houtbeeldhouwerk, en sy is ‘n kroniese leser van alles waarop sy haar hande kan lê.


Lien het al met fossiele gewerk, poppeteater gedoen en draaiboeke geskryf, maar noudat sy nie meer voltyds werk nie, het sy weer hard begin skryf .

← Terug


Die
Doemprofeet
Lien Roux-de Jager


Woestynvuur
Lien Roux-de Jager


**"Mense wat waiters word, is mal."** Zanelle plak haar op 'n stoel in die kombuis neer en vee haar donker krulhare agter haar ore in. "As ek geweet het waarvoor ons ons inlaat, het ek voorgestel dat ons liewer die hele vakansie babas oppas of toilette skrop of..."
Ek kan nie hlep om te lag nie. Zanelle lyk vrek snaaks. Daar is 'n pienk melkskommelstreep op haar kelnerinvoorskoot en 'n diep frons op haar voorkop.
"Wat lag jy, Ana de Wet?"
"Ek ken niemand aan hierdie kant van die ewenaar wat so kan oordryf soos jy nie.
Sy snork. "G'mf! Jy kan maklik praat Jy's nie die een wat tafel twee moes bedien nie. Daai tafel is vervloek. Eers was daar vanoggend so 'n moeilike ou oom en tannie wat met mooi niks tevrede was nie. En toe die gesinnetjie met die drie seuns." Sy trek haar neus op 'n plooi. "Eers het boetie nommer een van sy koeldrank laat omval en 'n keel opgesit. En toe raak boetie nommer twee naar - bo-op boetie nommer drie. G'n wonder nie. Sy ma sê hy weier al die hele vakansie om enigiets anders as milkshake te drink."
Ek sê liewer niks oor wie se idee dit was dat ons vir die vakansie hier by Zip werk nie.



← Terug

"**Shakespeare was miskien 'n hengse romantiese skrywer**, maar hy was 'n seksis, nes die meeste mans. Hy't seker heeldag op sy agterent gesit en skryf terwyl 'n vrou vir hom kos gemaak, sy klere gewas en sy vuil sokkies agter hom opgetel het."

Agter in die klas proes iemand gedemp. My wange word warm en ek weet ek lyk sweerlik weer soos 'n sonryp tamatie, soos hulle altyd in die tamatiesousadvertensie sê. Maar ek gee nie eers om nie. Ek is nou eenmaal op die oorlogspad.
"Interesting point, Marzanne," sê die onderwyseres versigtig, "but I'd like to know *why* you think so."
Ek sluk. "Wel... kyk maar net vir Romeo and Juliet. Dis veronderstel om die mees romantiese storie op aarde te wees, maar die arme, patetiese Juliet sit die heeltyd op die balkon en wag vir Romeo om vir haar te kom liefdesgedigte voordra."
Ek is verstom deur my eie briljante literêre insigte. Dit voel asof die woorde sommer vanself by my mond uitborrel. "Die ou wat in die middel van die nag voor my venster kom gedigte voordra, smyt ek waggies met 'n emmer koue water. Ek asof dit nie genoeg is nie, pleeg Juliet selfmoord toe sy dink Romeo is dood. So asof meisies nie sonder mans kan lewe nie."



← Terug

# Tania Brink


Tania Brink is 'n jong Bloemfonteinse skrywer. Soos die meeste meisies van haar ouderdom weier sy om oor haar ouderdom te praat, maar sy is jonger as Alanis Morissette en ouer as Britney Spears.
Sy is die dogter van twee baie normale ouers en die eienaar van 'n baie abnormale hond. Op die oomblik bly sy in Bloemfontein, waar sy as joernalis werk. Van sy vyf jaar oud is, is haar grootste droom om stories te skryf. *Liefde laat jou Rice Krispies anders proe* is die eerste liefdesverhaal uit haar pen. Sy beskryf dit as "'n stroperige liefdesverhaal vir tieners wat siek en sat is vir stroperige liefdesverhale." Voorheen het sy 'n paar grilboeke vir jong lesers onder 'n skuilnaam gepubliseer.
Haar gunsteling tydverdryf is om op maanligaande op die strand perd te ry. Ongelukkig bly sy deesdae baie ver van die see af. Sy glo onverbiddelik in die krag van die liefde, die wonder van sonbrandolie, prinse op wit perde, Sondagmiddagslapies en feëtjies.

← Terug

# Manie de Waal

Hierdie jong skrywer en rekenmeester is in Pretoria gebore, in Kaapstad getoë en het op Stellenbosch geswot. Hy's mal oor sy huidige pos by XPLANE, 'n maatskappy wat grafiese oplossings bedink en ingewikkelde begrippe in leketaal omsit. Die grafika in die koerant wat verduidelik wat jy kan doen met die geld wat jy spaar ná die onlangse rentekoersverlagings? Dis Manie daai. Die ou met die bakkie vol branderplanke en die groot verlange in die oë wanneer die woord "see" opduik? Ook Manie.

As jy al die lekker, die opwinding en die vrees van branderry in een glasie kan distilleer en drink, is dit die gevoel wat skryf vir hom gee.



← terug

**Dis Vrydagaand. Ek SMS vir Kerbs:**

2night, 12 bells. bring jou tools. ek maak die hel oop.

"Watse hel wil jy oopmaak?" grinnik Kerbs toe hy later by die hek inglip. Die reën sif neer en blink op sy baadjie.

"Hel?"

"Op die SMS, man."

"Die hék, Kerbs!"

"Jy moet fokken leer spel, Burns."

"As jy 'n job kry."

Kerbs is nou al 'n jaar uit die skool en sit nog sonder werk. Die ou wat hom werk gee, sal in elk geval heeltemal van sy rocker af moet wees.

"Ja, right," sê Kerbs.

Back to business: alles is georganize. Vroeër vanaand het ek drie van my ma se slaappille gesteel. Een vir die hond. (Hy het lekker aan die vienna gechow en is currently in doggy-droomland.) Een vir my pa. Hy het lekker aan sy whiskey gesuip en hang nou rond in alcoholic heaven.) En die laaste een vir my ma - in haar koffie. Ek dink sy het een op haar eie ook gesluk, maar ek kon nie 'n kans vat nie. (Sy is seker nou op 'n lekker trip. Ons sien haar eers weer môremiddag.) My sussie, Kelly, spring die pille-party vry. (Sy is al weer by haar boyfriend.)

"Come on, ek reën nat," sê ek vir Kerbs.

Hy stap na my ma se BMW in die driveway. "Is die alarm af?"

← terug

# Fanie Viljoen

Fanie Viljoen het in Welkom grootgeword. Hy het in 1987 gematrikuleer aan Goudveld Hoërskool. Daarna het hy vir twee jaar diensplig gedoen. Hy werk tans as opleidingskonsultant by Sanlam.
Die skryfgogga het op skool al gebyt, maar het 'n ruk lank doodgeloop. Dit was eers van 1998 dat hy weer begin skryf het. As mens 'n afleiding kon maak uit al die Nee-dankie briefies van die uitgewers en tydskrifte, was dit dalk eerder 'n gerondploeter as 'n geskryf.
In 1999 kom daar toe 'n paar skryfsuksesse terwyl hy in die Kaap bly. Sy eerste kortverhaal word in Sarie gepubliseer en hy word aangewys as is 'n finalis in die De Kat, Human & Rousseau kort-kortverhaal kompetisie.
In 2000 trek hy Bloemfontein toe en nog kortverhale word gepubliseer. Een van sy radiodramas, *Die Losprys* word ook in daardie jaar bekroon met die tweede plek in die Sanlam/RSG radiodrama kompetisie vir beginners.
In 2002 word nog 'n radiodrama, O*upa Rooijan kry 'n girlfriend* uitgesaai op RSG. Aan die einde van 2002 word, *Agter geslote deure*, ook 'n radiodrama bekroon met die tweede plek in die Sanlam/RSG radiodrama kompetisie vir ervare skrywers.
Sy eerste boek, *Slym*, word in 2004 gepubliseer by Lapa Uitgewers. Dit vertel die verhaal van die eerste wurm wat in 'n paddakonsert optree.
In 2005 word Fanie se boek, *BreinBliksem*, bekroon met die goue Sanlam-prys vir jeuglektuur.
*Spoke en ander gruwelike goed* verskyn in September 2005. Die boek, met sy volkleur illustrasies deur Jeanine Henning, is gewaarborg om jong lesers se nekhare te laat rys.



← terug




← terug




is dit dalk 'n vollemaandag?
spits jou ore, gee dan aandag
op vollemaandae moet jy
liewer uit die skool uit bly
net één periode by meneer Vos
kan jou dalk 'n vinger kos –
of 'n toon of dalk 'n oorlel
as jy net één woord verkeerd spel
hy brom en grom oor wetenskap
hy knor oor somme – hy gaan hap!
moenie na sy tande kyk nie
of sy honde-asem ruik nie
pouses voel sommer baie kort
wanneer jou meneer 'n weerwolf word

# Vollemaandag



← Terug

# Jaco Jacobs

Jaco woon in Bloemfontein saam met sy Troetelslang, Queen Shirley. As hy nie skryf nie (wat min gebeur!), hou hy hom besig met fliek, lees en foto's neem.

Die volgende titels het, benewens kortverhale, vertalings en joernalistieke werk, uit Jaco se pen verskyn:

- Troetelgedrog
- Duskant die Doodlyn
- Rugbypret
- Tande
- Hoe wyd kan 'n seekoei se bek ooprek?
- Pretpark - Bekroon met die ATKV-kinderboektoekenning.
- Hoe hoog kan 'n sprinkaan spring?
- Superheroes vlieg net saans
- Krieketpret/Gevaarlike lopies
- Nag van die monsters
- My ouma is 'n rock-ster
- Wiskunde gee my maagpyn
- Net aliens eet spinasie

← Terug